# 3 April 2024 - Lesing 277 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die wil kies vry – 5/4/62

**NO: 8143** Die eindelose lang weg van julle positiewe ontwikkeling deur die skeppings van die aarde loop nou ten einde, wanneer julle die laaste trajek as mens die regte rigting gee na die doel, - **wanneer julle op My afstuur** en dus bewustelik die terugkeer na My realiseer, wanneer julle die laaste wilsproef op die aarde aflê, - wanneer julle die regte besluit neem, dus julle wil op My rig van Wie julle eens uitgegaan het.

Dan het julle waarlik die werk om julle te omvorm voltooi, - **julle het in vrye wil vanuit My van skepsel tot My kind geword**. Julle het die diepste diepte oorwin en het weer opwaarts gestyg na die hoogste hoogte.

Dog die laaste kort treë as mens lê julle wel as ek-bewuste wesens af, **maar julle besit geen herinnering aan vroeër nie,** aan die eindelose lang tyd van ontwikkeling vooraf en aan die onuitspreeklike kwellinge wat hierdie gang vir die eens vrygeskape geestelike beteken het.

As mens leef julle net solank in **onwetendheid oor julle vorige lewe** en die eintlike doel van julle aardse lewe, totdat julle self in vrye wil die verbinding met My gesoek en gevind het, Wie nou vir julle 'n **kennis ontsluit** wat julle sal aanspoor om ernstig te strewe na die uiteindelike voltooiing.

Die kennis kan ook wel aan julle medemens deurgegee word, sodat hulle meer bewustelik van hul verantwoordelikheid deur die aardse lewe gaan, - **maar dit sal selde geglo word,** solank die mens hom nie self met My verbind deur:

1. **gedagtes**,
2. **gebed** of
3. **werke** van liefde nie.

Want bewyse oor sy lewe vooraf kan nie aan hom gelewer word nie en so sal hy nie graag wil aanneem wat aan hom oor die gang van sy siel deur elke skeppingswerk, - deur die wêreld van gesteentes, van die plante en van die diere, meegedeel word nie. En daarom het hy ook weinig verantwoordelikheidsbesef vir sy aardse lewe as mens.

Omdat dit egter om die vrye keuse van die wil gaan, **moet hy self die weg na My vind**. Hy moet My leer herken, waartoe daar aan hom op elke manier hulp verleen word. Want hy kan dink, - hy kan sy verstand gebruik, - ook wanneer dit hom nie vas en seker die waarheid onthul nie. Hy kan egter deur sy verstand ook aan sy God en Skepper dink, aan Wie hy sy bestaan te danke het. En hy sal hom ook op een of ander manier op hierdie gedagte moet instel. Maar dit is sy vrye wil welke weg hierdie gedagtes neem.

Dog sodra hy maar met die moontlikheid van 'n eindelose lang ontwikkeling vooraf rekening hou, sal hy al wins vir sy siel kan boek, want sulke gedagtes sal hom dan nie meer verlaat nie en dan kan hy ook seker daarvan wees dat daar aan hom deur middel van gedagtes so vele ophelderinge sal gegee sal word as wat hy aanneem en wat hom ook bewustelik daarna sal laat strewe om aan die doel van sy aardse lewe te beantwoord.

Die mens kom weliswaar sonder enig kennis op aarde, maar Ek sal altyd sorg daarvoor dra dat 'n sweempie insig hom verlig, dat hy steeds 'n lig sal teëkom waaraan hy homself slegs hoef te ontsteek om dan ook die weg wat hy moet gaan en wat na bo voer, in te sien. Dat hy op geen enkele manier gedwing sal word nie, skakel nie uit dat hy dikwels genoeg geleentheid sal hê om vrye 'n beslissing te neem en hy sal ook van die kant van die **begeleidende ligwesens** hulp om insig ontvang, deur middel van die lot, dog altyd sonder dwang.

1. Maar die lewe op aarde as mens is van die grootste belang, want dit kan die siel tog 'n geheel en al beëindiging van die gang deur die materie oplewer, sodat sy as **vrye gees** onbesorg die ryk hierna kan binnegaan.
2. Maar ook so kan die mens in sy laaste wilsproef faal en dan **onverlos die ryk hierna ingaan**, waarby die siel egter ook nog die moontlikheid het om die Goddelike Verlosser Jesus Christus te vind en aan te roep om dan langsaam opwaarts te klim.
3. Sy kan egter ook geheel in die materie lewe op aarde tot die einde toe en dan **weer opnuut verban word in die vorm**, d.w.s. om weer eens dieselfde ontwikkelingsgang deur die skeppings van die aarde te moet gaan, wat so ontsettend is en weer so 'n eindelose lang tyd verg, dat Ek waarlik die mense op elke manier sal bystaan om hulle teen die vreeslike lot, naamlik om opnuut gekluister te word, te beskerm.

Maar uiteindelik beslis die wil van die mens self. En daarom probeer Ek steeds weer om so op die wil in te werk dat hy hom vanself na My sal keer. Want dan sal sy siel gered wees, ofskoon sy nog nie heeltemal voltooid haar lewe op aarde as mens beëindig het nie. Maar haar wil het My gekies en dit beteken ook dat die beslissing korrek was en ook die daarmee deurstane wilsproef.

**Daarom moet elke mens luister en nadink, as hy onderrig word oor sy ontwikkeling en doel op aarde**. Hy sal tog met die moontlikheid rekening moet hou en waarlik, dit sal al vir hom wins oplewer, want waar dit maar moontlik is, kom die ligwesens tussenbeide wat hom in die aardse lewe lei - en hulle probeer alles om hom te beweeg om die korrekte wilsbesluit te neem, sodat hy die weg deur die materie kan beëindig, **sodat hy My sal soek en vind** - en dan ook vir ewig gered sal wees. Amein.